

Argief

OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

10c

Thursday 15th February 1973

WINDHOEK

Donderdag 15 Februarie 1973

No. 3300

CONTENTS

INHOUD

Bladsy/Page

PROCLAMATION:

No. 7 Township of Usakos: Extension of Boundaries

GOVERNMENT NOTICES:

No. 22 Municipality of Mariental: Amendment of Fees relating to the Supply of Electricity

No. 23 Municipality of Mariental: Amendment of Water Supply Regulations

No. 24 Rents Proclamation, 1944: Exemption of Municipal Leased Dwellings

No. 25 Price Control: Maximum Prices of Beer

No. 26 Road Regulations, 1973: Amendment

No. R. 116 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 1 (No. 1/1/156)

No. R. 122 (Republic) S. A. Medical and Dental Council: Amendment of the Rules regarding Registration of the Specialities of Medical Practitioners and Dentists

No. R. 158 (Republic) S.A. Medical and Dental Council: Amendment of Regulations

No. R. 160 (Republic) S.A. Medical and Dental Council: Amendment of the Rules regarding the Registration of Additional Qualifications

No. R. 166 (Republic) Exchange Control Regulations: Appointment of Authorised Dealers

GENERAL NOTICES:

No. 27 (Republic) Building Societies Return — November 1972

No. 88 (Republic) Military Training and Exercises — Walvis Bay

ADVERTISEMENTS:

PROKLAMASIE:

Dorp Usakos: Uitbreiding van Grense 136

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:

Munisipaliteit van Mariental: Wysiging van Aanslag-tariewe ten opsigte van Elektrisiteitsvoorsiening 137

Munisipaliteit van Mariental: Wysiging van Water-voorsieningsregulasies 137

Proklamasie op Huurgelde 1944: Vrystelling van Munisipale Huurwonings 137

Prysbeheer: Maksimum Pryse van Bier 138

Padregulasies 1973: Wysiging 140

(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae 1 (No. 1/1/156) 150

(Republiek) S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Wysiging van die Reëls betreffende die Registrasie van Spesialiteite van Geneeshere en Tandartse 150

(Republiek) S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Wysiging van Regulasies 154

(Republiek) S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Wysiging van die Reëls betreffende die Registrasie van addisionele Kwalifikasies 154

(Republiek) Deviesebeheerregulasies: Aanstelling van Gemagtigde Handelaars 155

ALGEMENE KENNISGEWING:

(Republiek) Bouverenigingsopgawe — November 1972 155

(Republiek) Militêre Opleiding en Oefeninge — Walvisbaai 156

ADVERTENSIES: 158

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE BAREND JOHANNES VAN DER WALT, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 7 of 1973.]

**TOWNSHIP OF USAKOS:
EXTENSION OF BOUNDARIES.**

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 29(1) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) extended the boundaries of the township of Usakos to include Portion 55 of Usakos Town and Townlands 93.

The property is now known as erf 760, Usakos.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 24th day of January 1973.

B. J. VAN DER WALT,
Administrator.

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE BAREND JOHANNES VAN DER WALT, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 7 van 1973.]

**DORP USAKOS:
UITBREIDING VAN GRENSE.**

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 29(1) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) die grense van die dorp Usakos uitgebrei om Gedeelte 55 van Usakos-dorp en -dorpsgrond 93 in te sluit.

Hierdie eiendom staan nou bekend as erf 760, Usakos.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 24ste dag van Januarie 1973.

B. J. VAN DER WALT,
Administrateur.

Government Notices

The following Government Notices are published for general information.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

Goewermentskennisgewings

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 22.] [15 February 1973.

**MUNICIPALITY OF MARIENTAL:
AMENDMENT OF FEES RELATING TO THE
SUPPLY OF ELECTRICITY.**

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) approved the following amendment of the tariff of fees published under Government Notice 19 of 1962 as amended by Government Notices 29 of 1965 and 145 of 1972.

Insert the following paragraph after paragraph (d) of Schedule A —

- (e) A basic charge of R3,00 per month or portion of a month shall be levied where the service is available, but not used.

No. 23.] [15 February 1973.

**MUNICIPALITY OF MARIENTAL:
AMENDMENT OF WATER SUPPLY
REGULATIONS.**

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) approved the following amendment of the regulations published under Government Notice 160 of 1931 as amended by Government Notices 40 of 1934, 143 of 1943, 21 of 1962, 1 of 1967 and 169 of 1972.

Insert the following paragraph after paragraph 1(b) of Schedule B.

- (c) A basic charge of R2,50 per month or portion of a month shall be levied where the service is available, but not used.

No. 24.] [15 February 1973.

**RENTS PROCLAMATION:
EXEMPTION OF MUNICIPAL LEASED
DWELLINGS**

The Executive Committee has, under and by virtue of the provisions of section 19B of the Rents Proclamation, 1944 (Proclamation 4 of 1944) exempted all dwellings which are let by any municipality in terms of section 233(1) (a) or 240(19) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) or any village management board in terms of section 28 of the Village Management Boards Ordinance, 1963 (Ordinance 14 of 1963) from the provisions of the said proclamation from the date of promulgation of this notice.

No. 22.] [15 Februarie 1973.

**MUNISIPALITEIT VAN MARIENTAL:
WYSIGING VAN AANSLAGTARIEWE TEN
OPSIGTE VAN ELEKTRISITEITSVOORSIENING.**

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 243, van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die onderstaande wysiging goedgekeur van die tariewe afgekondig by Goewermentskennisgewing 19 van 1962 soos gewysig by Goewermentskennisgewings 29 van 1965 en 145 van 1972.

Voeg die volgende paragraaf in na paragraaf (d) van Bylae A —

- (e) 'n Basiese aanslag van R3,00 per maand of gedeelte van 'n maand word gehef waar die diens beskikbaar is, maar nie gebruik word nie.

No. 23.] [15 Februarie 1973.

**MUNISIPALITEIT VAN MARIENTAL:
WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGS-
REGULASIES.**

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die onderstaande wysiging goedgekeur van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 160 van 1931 soos gewysig by Goewermentskennisgewings 40 van 1934, 143 van 1943, 21 van 1962, 1 van 1967 en 169 van 1972.

Voeg die volgende paragraaf in na paragraaf 1(b) van Bylae B.

- (c) 'n Basiese aanslag van R2,50 per maand of gedeelte van 'n maand word gehef waar die diens beskikbaar is, maar nie gebruik word nie.

No. 24.] [15 Februarie 1973.

**PROKLAMASIE OP HUURGELDE:
VRYSTELLING VAN MUNISIPALE
HUURWONINGS.**

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 19B van die Proklamasie op Huurgelde, 1944 (Proklamasie 4 van 1944) alle wonings wat deur enige munisipaliteit ingevolge die bepalings van artikel 233(1) (a) of 240 (19) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) of enige dorpsbestuur ingevolge die bepalings van artikel 28 van die Ordonnansie op Dorpsbesture 1963 (Ordonnansie 14 van 1963) verhuur word, vanaf die datum van afkondiging van hierdie kennisgewing van die bepalings van genoemde proklamasie vrygestel.

No. 25.]

[15 February 1973.

No. 25.]

[15 Februarie 1973.

**PRICE CONTROL:
MAXIMUM PRICES OF BEER**

I, GABRIËL JOSEPH JOHANNES FOURIE STEYN, Price Controller, do hereby prescribe in terms of section 4 of the Price Control Act, 1964 (Act No. 25 of 1964), for the whole South West Africa and the port and settlement of Walvis Bay, as follows:—

1. (a) The maximum prices at which beer, stout or ale may be sold to a dealer by the brewers thereof are R3,96 per dozen 750 ml bottles, R2,22 per dozen 375 ml bottles and 42 cents per litre when sold in bulk f.o.r. purchaser's nearest railway station or siding.
- (b) The maximum price at which special export lager beer may be sold to a dealer by South West Breweries Ltd., is R2,30 per dozen 375 ml bottles f.o.r. purchaser's nearest railway station or siding.
- (c) The maximum prices at which beer, stout or ale, brewed in South West Africa, may be sold to a dealer by the brewers thereof are R2,40 per dozen 340 ml non-returnable tins, and R2,20 per dozen 340 ml non-returnable bottles, f.o.r. purchaser's nearest railway station or siding.
- (d) The maximum price at which beer "Hansa Special" brewed in South West Africa by Hansa Brauerei (Pty.) Ltd., may be sold to a dealer by the brewers thereof is R2,30 per dozen 375 ml bottles f.o.r. purchaser's nearest railway station or siding.
- (e) The maximum price at which beer, stout or ale, brewed in South West Africa, may be sold to a dealer by the brewers thereof is R3,11 per dozen 450 ml non-returnable tins, f.o.r. purchaser's nearest railway station or siding.
- (f) The maximum prices at which special "Maibock" and "Urbock" beer, brewed in South West Africa by South West Breweries Limited and Hansa Brauerei Limited, may be sold to a dealer by the brewers thereof are R4,32 per dozen 750 ml bottles, R2,40 per dozen 375 ml bottles, R2,40 per dozen 340 ml non-returnable bottles and 44 cents per litre when sold in bulk f.o.r. purchaser's nearest railway station or siding.
2. (a) The maximum prices at which beer, stout or ale, brewed in South Africa, may be sold by any dealer, being the holder of an off-sales or bottle store licence to any person are R5,16 per dozen 750 ml bottles, and R2,88 per dozen 375 ml bottles.

**PRYSBEHEER:
MAKSIMUM PRYSE VAN BIER.**

Ek, GABRIËL JOSEPH JOHANNES FOURIE STEYN, Pryscontroleur, bepaal hierby, kragtens artikel 4 van die Wet op Prysbeheer, 1964 (Wet No. 25 van 1964), vir die hele Suidwes-Afrika en die hawe en nedersetting Walvisbaai, soos volg:—

1. (a) Die maksimum pryse waarteen bier, stout of ale aan 'n handelaar deur brouers daarvan verkoop mag word, is R3,96 per dosyn 750 ml bottels, R2,22 per dosyn 375 ml bottels, en 42 sent per liter wanneer in massavoorraad verkoop word v.o.s. koper se naaste spoorwegstasie of -halte.
- (b) Die maksimum prys waarteen spesiale uitvoerlagerbier aan 'n handelaar deur „South West Breweries" Beperk verkoop mag word, is R2,30 per dosyn 375 ml bottels v.o.s. koper se naaste spoorwegstasie of -halte.
- (c) Die maksimum pryse waarteen bier, stout of ale, in Suidwes-Afrika gebrou, aan 'n handelaar deur brouers daarvan verkoop mag word, is R2,40 per dosyn 340 ml nie-terugstuurbare blikkies en R2,20 per dosyn 340 ml nie-terugstuurbare bottels, v.o.s. koper se naaste spoorwegstasie of -halte.
- (d) Die maksimum prys waarteen „Hansa Special" bier in Suidwes-Afrika gebrou deur Hansa Brauerei (Pty.) Ltd., aan 'n handelaar deur brouers daarvan verkoop mag word, is R2,30 per dosyn 375 ml bottels, v.o.s. koper se naaste spoorwegstasie of -halte.
- (e) Die maksimum prys waarteen bier, stout of ale, in Suidwes-Afrika gebrou, aan 'n handelaar deur brouers daarvan verkoop mag word, is R3,11 per dosyn 450 ml nie-terugstuurbare blikkies, v.o.s. koper se naaste spoorwegstasie of -halte.
- (f) Die maksimum pryse waarteen spesiale „Maibock" en „Urbock" bier gebrou in Suidwes-Afrika deur „South West Breweries" Beperk en Hansa Brauerei Beperk aan 'n handelaar deur die brouers daarvan verkoop mag word, is R4,32 per dosyn 750 ml bottels, R2,40 per dosyn 375 ml bottels, R2,40 per dosyn 340 ml nie-terugstuurbare bottels en 44 sent per liter wanneer in massavoorraad verkoop word v.o.s. koper se naaste spoorwegstasie of -halte.
2. (a) Die maksimum pryse waarteen bier, stout of ale, in Suidwes-Afrika gebrou, verkoop mag word deur enige handelaar wat die houër van 'n buitewerbruik- of 'n drankwinkellisensie is, aan enige persoon is R5,16 per dosyn 750 ml bottels en R2,88 per dosyn 375 ml bottels.

- (b) The maximum price at which special export lager beer brewed in South West Africa by South West Breweries, Ltd., may be sold by any dealer, being the holder of an off-sales or bottle store licence to any person is R3,00 per dozen 375 ml bottles.
- (c) The maximum prices at which beer, stout or ale, brewed in South West Africa, may be sold by any dealer being the holder of an off-sales or bottle store licence to any person are R3,12 per dozen 340 ml non-returnable tins, and R2,88 per dozen 340 ml non-returnable bottles.
- (d) The maximum price at which beer "Hansa Special" brewed in South West Africa by Hansa Brauerei (Pty.) Ltd., may be sold by any dealer, being the holder of an off-sales or bottle store licence to any person is R3,00 per dozen 375 ml bottles.
- (e) The maximum price at which beer, stout or ale brewed in South West Africa, may be sold by any dealer being a holder of an off-sales or bottle store licence to any person is R3,96 per dozen 450 ml non-returnable tins.
- (f) The maximum prices at which special "Maibock" and "Urbock" beer, brewed in South West Africa by South West Breweries Limited and Hansa Brauerei Limited, may be sold by any dealer, being the holder of an off-sales or bottle store licence, to any person are R5,40 per dozen 750 ml bottles, R3,00 per dozen 375 ml bottles and R3,00 per dozen 340 ml non-returnable bottles.
3. At places which are more than 5 miles and the following distances from the nearest railway station or siding, the following additions may be made to the prices enumerated in 2 above:
- (a) Up to and including 25 miles at the rate of $\frac{1}{2}$ cent per 375 ml bottle; $\frac{1}{2}$ cent per 340 ml bottle or tin; $\frac{1}{2}$ cent per 450 ml tin and 1 cent per 750 ml bottle;
- (b) over 25 miles up to and including 100 miles, at the rate of 1 cent per 375 ml bottle; 1 cent per 340 ml bottle or tin, 1 cent per 450 ml tin and 2 cent per 750 ml bottle;
- (c) Over 100 miles at the rate of $1\frac{1}{2}$ cent per 375 ml bottle; $1\frac{1}{2}$ cent per 340 ml bottle or tin, $1\frac{1}{2}$ cent per 450 ml tin and $2\frac{1}{2}$ cent per 750 ml bottle.
4. The following Government Notice is hereby withdrawn:—
- (b) Die maksimum prys waarteen spesiale uitvoerlagerbier in Suidwes-Afrika gebrou deur „South West Breweries" Beperk, verkoop mag word deur enige handelaar wat die houer van 'n buiteverbruik- of 'n drankwinkellisensie is, aan enige persoon is R3,00 per dosyn 375 ml bottels.
- (c) Die maksimum pryse waarteen bier, stout of ale, in Suidwes-Afrika gebrou, verkoop mag word deur enige handelaar wat die houer van 'n buiteverbruik- of 'n drankwinkellisensie is, aan enige persoon is R3,12 per dosyn 340 ml nie-terugstuurbare blikkies en R2,88 per dosyn 340 ml nie-terugstuurbare bottels.
- (d) Die maksimum prys waarteen „Hansa Special" bier in Suidwes-Afrika gebrou deur Hansa Brauerei (Pty.) Ltd., verkoop mag word deur enige handelaar wat die houer van 'n buiteverbruik- of 'n drankwinkellisensie is, aan enige persoon is R3,00 per dosyn 375 ml bottels.
- (e) Die pryse waarteen bier, stout of ale in Suidwes-Afrika gebrou, verkoop mag word deur enige handelaar wat die houer van 'n buiteverbruik- of 'n drankwinkellisensie is, aan enige persoon is R3,96 per dosyn 450 ml nie-terugstuurbare blikkies.
- (f) Die maksimum pryse waarteen spesiale „Maibock" en „Urbock" bier gebrou in Suidwes-Afrika deur „South West Breweries" Beperk en Hansa Brauerei Beperk, verkoop mag word deur enige handelaar wat die houer van 'n buiteverbruik- of 'n drankwinkellisensie is, aan enige persoon is R5,40 per dosyn 750 ml bottels, R3,00 per dosyn 375 ml bottels en R3,00 per dosyn 340 ml nie-terugstuurbare bottels.
3. Op plekke wat meer as 5 myl en die volgende afstande van die naaste spoorwegstasie of -halte geleë is, mag die volgende toevoegings tot die pryse in 2 hierbo genoem, gevoeg word:
- (a) Tot en met 25 myl teen $\frac{1}{2}$ sent per 375 ml bottel; $\frac{1}{2}$ sent per 340 ml bottel of blikkie; $\frac{1}{2}$ sent per 450 ml blikkie en 1 sent per 750 ml bottel;
- (b) meer as 25 myl tot en met 100 myl, teen 1 sent per 375 ml bottel, 1 sent per 340 ml bottel of blikkie, 1 sent per 450 ml blikkie en 2 sent per 750 ml bottel;
- (c) meer as 100 myl, teen $1\frac{1}{2}$ sent per 375 ml bottel, $1\frac{1}{2}$ sent per 340 ml bottel of blikkie, $1\frac{1}{2}$ sent per 450 ml blikkie en $2\frac{1}{2}$ sent per 750 ml bottel.
4. Die volgende Goewermmentskennisgewing word hierby ingetrek:—

No. 135 of 1 August 1972.

G. J. J. F. STEYN,
Price Controller.

No. 135 van 1 Augustus 1972.

G. J. J. F. STEYN,
Pryskontroleur.

No. 26.]

[15 February 1973.

ROAD REGULATIONS 1973:
AMENDMENT.

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 66 of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) made the following regulations in substitution for the regulations promulgated by Government Notice 1 of 1973 which are hereby repealed:

1. In these regulations, unless the context indicates otherwise —

“the Ordinance” means the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972);

“large stock area” means that portion of the Territory lying east of the 16th parallel of longitude and north of the 23rd parallel of latitude;

“jackalproof area” means those circuits in respect of which contributions to the cost of the alteration of a dividing fence to a jackalproof fence or the erection of a jackalproof fence as a dividing fence under the provisions of the Fencing Proclamation, 1921 (Proclamation 57 of 1921) as amended, have been declared compulsory by notice in the *Official Gazette*;

“small stock area” means that portion of the Territory which lies south of the 23rd parallel of latitude as well as that portion of the Territory lying north of the 23rd parallel of latitude and west of the 16th parallel of longitude;

“standard stockproof fence” means —

(a) in respect of a fence which falls within a jackalproof area or within the boundaries of a farm wholly fenced in with jackalproof fencing, a fence which complies with the requirements prescribed in regulation 2 and the standard prescribed in regulation 3;

(b) in respect of —

(i) a fence which falls within the small stock area but outside the jackalproof area and outside the boundaries of a farm wholly fenced in with jackalproof fencing;

(ii) a fence on a farm falling within the large stock area as well as the small stock area,

a fence which complies with the requirements prescribed in regulation 2 and the standard prescribed in regulation 4;

(c) in respect of a fence falling within the large stock area but outside the boundaries of a farm wholly fenced in with jackalproof fencing, a fence which complies with the requirements prescribed in regulation 2 and the standard prescribed in regulation 5;

“dividing fence” means a dividing fence as defined in section 2 of the Fencing Proclamation, 1921 (Proclamation 57 of 1921) as amended;

and any other word or expression to which a meaning is attached in the Ordinance shall have a corresponding meaning.

2. All —

(a) fences erected under section 40 of the Ordinance for the purpose of the fencing off of trunk, main and district roads;

No. 26.]

[15 Februarie 1973.

PADREGULASIES 1973:
WYSIGING.

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 66 van die Ordonnansie op Paaie 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) die volgende regulasies gemaak ter vervanging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 1 van 1973 wat hierby herroep word:

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

„die Ordonnansie” die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972);

„grootveearea” daardie deel van die Gebied wat oos van die 16de lengtegraad en noord van die 23ste breedtegraad lê;

„jakkalsproefarea” daardie kringe ten opsigte waarvan bydraes tot die koste van verandering van 'n tussenheining in 'n jakkalsdraadheining of die oprigting van 'n jakkalsdraadheining as 'n tussenheining ingevolge die bepalings van die Omheinings Proklamatie, 1921 (Proklamasie 57 van 1921) soos gewysig, by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* verpligtend verklaar is;

„kleinveearea” daardie deel van die Gebied wat suid van die 23ste breedtegraad lê sowel as daardie deel van die Gebied wat noord van die 23ste breedtegraad en wes van die 16de lengtegraad lê;

„standaardveeekerende heining” —

(a) ten opsigte van 'n heining wat val in 'n jakkalsproefarea of binne die grense van 'n plaas wat in sy geheel met jakkalsdraad omhein is, 'n heining wat voldoen aan die vereistes voorgeskryf in regulasie 2 en die standaard voorgeskryf in regulasie 3;

(b) ten opsigte van —

(i) 'n heining wat val in die kleinveearea, maar buite 'n jakkalsproefarea en buite die grense van 'n plaas wat in sy geheel met jakkalsdraadheining omhein is;

(ii) 'n heining op 'n plaas wat binne sowel die grootveearea as die kleinveearea val,

'n heining wat voldoen aan die vereistes voorgeskryf in regulasie 2 en die standaard voorgeskryf in regulasie 4;

(c) ten opsigte van 'n heining wat val in die grootveearea maar buite die grense van 'n plaas wat in sy geheel met jakkalsdraadheining omhein is, 'n heining wat voldoen aan die vereistes voorgeskryf in regulasie 2 en die standaard voorgeskryf in regulasie 5;

„tussenheining” 'n tussenheining soos omskryf in artikel 2 van die Omheinings Proklamatie 1921 (Proklamasie 57 van 1921) soos gewysig en het enige ander woord of uitdrukking waaraan in die Ordonnansie 'n betekenis geheg word, 'n ooreenstemmende betekenis.

2. Alle —

(a) heinings wat ingevolge artikel 40 van die Ordonnansie opgerig word vir die doeleindes van afkamping van hoof-, groot-, en distrikspaaie;

- (b) fences erected under section 40 of the Ordinance and afterwards converted into jackalproof fences under section 41(1) of the Ordinance;
- (c) standard stockproof fences which are improved under section 41(2) of the Ordinance to comply with a higher prescribed standard, shall comply with the following requirements:

Height:

(1) The height of such fences shall be at least 1220 millimetres (4 feet) measured from the top wire to the natural level of the ground.

Straining posts:

(2) In such fences straining posts shall be used which —

- (i) shall be iron posts or posts of treated wood or hardwood;
- (ii) if they are posts of treated wood or hardwood, shall be at the thin end at least 152 millimetres (6 inches) in diameter and if they are iron posts, weigh at least 31,8 kilogrammes (70 lbs.);
- (iii) shall be planted at least 915 millimetres (3 feet) deep: Provided that if the formation consists of hard rock, they shall be planted at least 610 millimetres (2 feet) deep;
- (iv) shall be not more than 457 metres (500 yards) apart;
- (v) shall be anchored in such a manner that the strands shall at all times be taut.

Centre posts:

(3) In such fences centre posts shall be used which —

- (i) shall be I- or Y- or bell type iron posts or posts of treated wood or hardwood;
- (ii) if they are posts of treated wood or hardwood shall be at the thin end at least 102 millimetres (4 inches) in diameter;
- (iii) shall be planted at least 610 millimetres (2 feet) deep: Provided that if the formation consists of hard rock they shall be planted at least 305 millimetres (1 foot) deep;
- (iv) shall be not more than 18,3 metres (20 yards) apart or from any straining post, as the case may be.

Droppers:

(4) (a) In such fences droppers shall be used which —

- (i) shall be iron droppers or droppers of treated wood or hardwood;
- (ii) if they are droppers of treated wood or iron droppers shall be approved by the South African Bureau of Standards;
- (iii) if they are droppers of treated wood or hardwood shall be at the thin end at least 38 millimetres (1½ inches) in diameter;

(b) heinings wat ingevolge artikel 40 van die Ordonnansie opgerig is en daarna ingevolge artikel 41 (1) van die Ordonnansie omgeskep word tot jakalsdraadheinings;

(c) standaardveekeerende heinings wat ingevolge artikel 41 (2) van die Ordonnansie verbeter word om aan 'n hoër voorgeskrewe standaard te voldoen, moet aan die volgende vereistes voldoen:

Hoogte:

(1) Die hoogte van sodanige heinings moet minstens 1220 millimeter (4 voet) gemeet vanaf die boonste draad tot op die natuurlike grondoppervlakte, wees.

Trekpale:

(2) In sodanige heinings moet trekpale gebruik word, wat —

- (i) ysterpale of pale van behandelde hout of hardhout moet wees;
- (ii) indien dit pale van behandelde hout of hardhout is, by die dunste punt minstens 152 millimeter (6 duim) in deursnit moet wees en indien dit ysterpale is, minstens 31,8 kilogram (70 pond) moet weeg;
- (iii) minstens 915 millimeter (3 voet) diep ingeplant moet word: Met dien verstande dat, indien die formasie uit harde rots bestaan, dit minstens 610 millimeter (2 voet) diep ingeplant moet word;
- (iv) hoogstens 457 meter (500 jaarts) van mekaar moet wees;
- (v) sodanig geanker moet word dat die drade in die heining te alle tye styf span.

Middelpale:

(3) In sodanige heinings moet middelpale gebruik word wat —

- (i) I- of Y- of kloktipe ysterpale of pale van behandelde hout of hardhout moet wees;
- (ii) indien dit pale van behandelde hout of hardhout is by die dunste punt minstens 102 millimeter (4 duim) in deursnit moet wees;
- (iii) minstens 610 millimeter (2 voet) diep ingeplant moet word: Met dien verstande dat, indien die formasie uit harde rots bestaan, dit minstens 305 millimeter (1 voet) diep ingeplant moet word;
- (iv) hoogstens 18,3 meter (20 jaats) van mekaar of van enige trekpaal, na gelang van die geval, moet wees.

Sparre:

(4) (a) In sodanige heinings moet sparre gebruik word, wat —

- (i) ystersparre of sparre van behandelde hout of hardhout moet wees;
- (ii) indien dit sparre van behandelde hout of ystersparre is, deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaardgegoedkeur moet wees;
- (iii) indien dit sparre van behandelde hout of harde hout is, by die dunste punt minstens 38 millimeter (1½ duim) in deursnit moet wees;

(b) At least 5 such droppers shall be positioned at equal distances between centre posts or between a centre post and a straining post, as the case may be.

Wire:

(5) The wire used in such fences shall be —

- (a) galvanised steel wire; or
- (b) galvanised steel barbed wire; or
- (c) wire netting and galvanised steel wire; or
- (d) wire netting and galvanised steel barbed wire.

Jackalproof fences:

3. All fences referred to in regulation 2 falling within a jackalproof area or within the boundaries of a farm which is wholly fenced in with jackalproof fencing, shall be jackalproof fences and shall in addition to the requirements prescribed in regulation 2 also comply with the standard prescribed hereinafter:

(1) The mesh of the wire netting used shall be at least 76 millimetres (3 inches) and not more than 89 millimetres $3\frac{1}{2}$ inches).

(2) Such wire netting shall be at least 1220 millimetres (4 feet) in width.

(3) Subject to the provisions of paragraph (7) 1070 millimetres (three feet six inches) of the wire netting shall be vertically above the ground and the remaining portion of the wire netting shall be either folded over or embedded in the soil.

(4) If the wire netting is folded over it shall be either compacted with stones placed end to end on one side of the wire, or nailed down with spikes which are —

- (a) at least 229 millimetres (9 inches) long;
- (b) bent like a crook;
- (c) made from No. 8 anchor wire or 6 millimetres ($\frac{1}{4}$ inch) in diameter strengthening wire;
- (d) nailed down not more than 915 millimetres (3 feet) apart.

(5) If the wire netting is embedded in the soil it shall, subject to the provisions of paragraph (7), be embedded at least 152 millimetres (6 inches) vertically in the soil.

(6) Subject to the provisions of paragraph (7), two galvanised steel wire strands or galvanised steel barbed wire strands shall be provided above the wire netting, which shall be spaced 76 millimetres (3 inches) apart and from the wire netting.

Jackalproof fences across sand formations:

(7) If the terrain across which the jackalproof fence runs has a sand formation which makes it essential that the wire netting of the jackalproof fence should be embedded vertically deeper than 152 millimetres (6 inches) to prevent vermin from burrowing through underneath the fence, the following shall be done:—

- (a) If the wire netting used is 1220 millimetres (4 feet) wide —

(b) Minstens 5 sodanige sparre moet, op eweredige afstande, tussen middelpale of tussen 'n middel- en trekpaal, na gelang van die geval, aangebring word.

Draad:

(5) Die draad wat in sodanige heinings gebruik word, moet —

- (a) gegalvaniseerde staaldraad; of
- (b) gegalvaniseerde staaldoringdraad; of
- (c) ogiesdraad en gegalvaniseerde staaldraad; of
- (d) ogiesdraad en gegalvaniseerde staaldoringdraad wees.

Jakkalsdraadheinings:

3. Alle in regulasie 2 bedoelde heinings wat binne 'n jakkalsproefarea of binne die grense van 'n plaas wat in sy geheel met jakkalsdraadheinings omhein is, val, moet jakkalsdraadheinings wees en moet benewens die vereistes voorgeskryf in regulasie 2, ook aan die standaard hieronder voorgeskryf, voldoen:

(1) Die maas van die ogiesdraad wat gebruik word, moet minstens 76 millimeter (3 duim) en hoogstens 89 millimeter ($3\frac{1}{2}$ duim), wees.

(2) Sodanige ogiesdraad moet minstens 1220 millimeter (4 voet) breed wees.

(3) Behoudens die bepalinge van paragraaf (7) moet 1070 millimeter (drie voet ses duim) van die ogiesdraad regop bokant die grond wees en die oorblywende gedeelte van die ogiesdraad moet óf omgevou óf in die grond ingegrawe word.

(4) Indien die ogiesdraad omgevou word, moet dit óf met klippe wat teenmekaar aan eenkant van die draad geplaas is, vasgepak word, óf met penne wat —

- (a) minstens 229 millimeter (9 duim) lank is;
- (b) soos 'n haakkierie gebuig is;
- (c) van no. 8 ankerdraad of 6 millimeter ($\frac{1}{4}$ duim) deursnit versterkingsdraad gemaak is;
- (d) hoogstens 915 millimeter (3 voet) van mekaar ingeslaan word,

(5) Indien die ogiesdraad ingegrawe word, moet dit behoudens die bepalinge van paragraaf (7) minstens 152 millimeter (6 duim) regaf in die grond ingegrawe word.

(6) Bokant die ogiesdraad moet, behoudens die bepalinge van paragraaf (7), twee gegalvaniseerde staaldrade of gegalvaniseerde staaldoringdrade aangebring word, wat 76 millimeter (3 duim) van mekaar af en van die ogiesdraad af gespasieer moet wees.

Jakkalsdraadheinings oor sandformasies:

(7) Indien die terrein waaroor die jakkalsdraadheinings gaan, 'n sandformasie het wat dit noodsaaklik maak dat die ogiesdraad van die jakkalsdraadheining dieper as 152 millimeter (6 duim) regaf ingegrawe moet word om te verhoed dat ongediertes onderdeur die heining kan grawe, moet —

- (a) indien die ogiesdraad wat gebruik word, 1220 millimeter (4 voet) breed is —

- (i) 760 millimetres (2 feet 6 inches) of it shall be vertically above the natural ground level and 457 millimetres (18 inches) of it embedded in the soil; and
- (ii) five galvanised steel wire strands or galvanised steel barbed wire strands shall be provided above the wire netting respectively 76 millimetres (3 inches), 152 millimetres (6 inches), 254 millimetres (10 inches), 356 millimetres (14 inches) and 457 millimetres (18 inches) measured from the top of the wire netting; or
- (b) if the wire netting used is 1370 millimetres (4 feet 6 inches) wide —
- (i) 915 millimetres (3 feet) of it shall be vertically above the natural ground level and 457 millimetres (18 inches) of it embedded in the soil; and
- (ii) three galvanised steel wire strands or galvanised steel barbed wire strands shall be provided above the wire netting respectively 102 millimetres (4 inches) apart and from the top of the wire netting or four galvanised steel wire strands or galvanised steel barbed wire strands respectively 76 millimetres (3 inches) apart and from the top of the wire netting; or
- (c) if the wire netting used is 1520 millimetres (5 feet) wide —
- (i) 1070 millimetres (3 feet 6 inches) of it shall be vertically above the natural ground level and 457 millimetres (18 inches) of it embedded in the soil; and
- (ii) two galvanised steel wire strands or galvanised steel barbed wire strands shall be provided above the wire netting respectively 76 millimetres (3 inches) apart and from the top of the wire netting;
- (i) 760 millimeter (2 voet 6 duim) daarvan regop bokant die natuurlike grondoppervlakte wees en 457 millimeter (18 duim) daarvan in die grond ingegrawe word; en
- (ii) vyf gegalvaniseerde staaldrade of gegalvaniseerde staaldoringdrade bokant die ogiesdraad en onderskeidelik 76 millimeter (3 duim), 152 millimeter (6 duim), 254 millimeter (10 duim), 356 millimeter (14 duim) en 457 millimeter (18 duim), gemeet vanaf die bokant van die ogiesdraad, aangebring word; of
- (b) indien die ogiesdraad wat gebruik word, 1370 millimeter (4 voet 6 duim) breed is —
- (i) 915 millimeter (3 voet) daarvan regop bokant die natuurlike grondoppervlakte wees en 457 millimeter (18 duim) daarvan in die grond ingegrawe word; en
- (ii) drie gegalvaniseerde staaldrade of gegalvaniseerde staaldoringsdrade bokant die ogiesdraad en onderskeidelik 102 millimeter (4 duim) van mekaar en van die bokant van die ogiesdraad af of vier gegalvaniseerde staaldrade of gegalvaniseerde staaldoringsdrade onderskeidelik 76 millimeter (3 duim) van mekaar en van die bokant van die ogiesdraad af, aangebring word; of
- (c) indien die ogiesdraad wat gebruik word, 1520 millimeter (5 voet) breed is —
- (i) 1070 millimeter (3 voet 6 duim) daarvan regop bokant die natuurlike grondoppervlakte wees en 457 millimeter (18 duim) daarvan in die grond ingegrawe word; en
- (ii) twee gegalvaniseerde staaldrade of gegalvaniseerde staaldoringdrade bokant die ogiesdraad en onderskeidelik 76 millimeter (3 duim) van mekaar en van die bokant van die ogiesdraad af, aangebring word;

Provided that the wire netting used in such jackalproof fence shall not be wider than the wire netting of the jackalproof fence erected on the boundaries of the farm across which the road which is to be fenced off, runs.

(8) The wire netting shall be fastened to at least three galvanised steel wire strands or galvanised steel barbed wire strands of which one shall be at the top of the wire netting, one in the middle of the wire netting and one just above the ground.

Short-droppers:

(9) In jackalproof fences at least one wire or wooden short-dropper shall be positioned between every two droppers or between a dropper and a centre or straining post as the case may be and such short-dropper shall —

- (a) be fastened to the wire to which the top of the wire netting is attached and all strands above it;
- (b) be positioned in the middle, or if more than one short-dropper is used between 2 droppers or between a dropper and a centre or straining post at equal distances between the droppers or between a dropper and a centre or straining post as the case may be.

Met dien verstande dat die breedte van die ogiesdraad wat in sodanige jakkalsdraadheining gebruik word nie breër moet wees nie as die breedte van die ogiesdraad van die jakkalsdraadheining wat opgerig is op die grense van die plaas waaroor die pad wat afgekamp moet word, loop.

(8) Die ogiesdraad moet aan minstens drie gegalvaniseerde staaldrade of gegalvaniseerde staaldoringdrade, waarvan een aan die bokant van die ogiesdraad, een in die middel van die ogiesdraad en een net bokant die grond moet wees, vasgemaak word.

Hangertjies:

(9) In jakkalsdraadheining moet minstens een draad- of houthangertjie tussen elke twee sparre of tussen 'n spar en 'n middel- of trekpaal na gelang van die geval, aangebring word en sodanige hangertjies moet —

- (a) aan die draad waaraan die bokant van die ogiesdraad vasgemaak is en alle drade daarbo, vasgemaak word;
- (b) in die middel, of indien meer as een hangertjie tussen 2 sparre of tussen 'n spar en 'n middel- of trekpaal gebruik word op eweredige afstande, tussen die sparre of tussen 'n spar en 'n middel- of trekpaal, na gelang van die geval, aangebring word.

